# SAAWE GEBEDSKALENDER AUGUSTUS 2026

Epos: ena@swissmail.org ; Tel no 083 6600 885

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **30**<br>Bid vir **Wes-Sahara**, waar 100% van die 588 000 inwoners onbereik is met die Evangelie. Bid dat die lig van die Evangelie hierdie vergete land sal bereik. Bid dat baie Moslems drome en visioene van Jesus sal ontvang. | **31**<br>Bid vir **Marokko**, 'n Moslem-land, 100% onbereik, met slegs 0,2% Christene. ±773 werkers is nodig om die hele land met die Evangelie te bereik. Niks is vir God onmoontlik nie. | *"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies..."*<br>*(Matteus 24:14)* | *"Soos waters die seebodem bedek, sal die aarde vol word van die kennis van die majesteit van die Here."*<br>*(Hab 2:14)* | *"Ek laat my reg deurbreek vir die volke... My redding is op pad."*<br>*(Jesaja 51:4-5)* | *"Ek het my woorde in jou mond gelê en jou beskerm met die skaduwee van my hand."*<br>*(Jesaja 51:16)* | **1**<br>Dank die Here vir Christen radio. 'n Luisteraar getuig: "Die Bybel het vir my geslote gebly. Toe ek julle radioprogram ontdek, het alles duidelik geword. Nou leef ek saam met God – dit is 'n lewe vol vreugde." |
| **2**<br>Bid vir die **Sentraal-Afrikaanse Republiek**, waar die **3R** terroriste onlangs 'n byeenkoms van 3 kerke aangeval en 3 predikante gevange geneem het. Tydens gevangenskap is hulle gewelddadig mishandel en verneder. "Ons Bybels is voor ons verbrand." Bid vir hierdie Christene. | 3<br>Ten spyte van vrees het die gemeentes 1,3 miljoen frank ingesamel om die predikante se vrylating te verseker. Hulle vra: "Bid dat God ons wysheid en krag sal gee om die Evangelie te verkondig. Ons wag dat vrede na ons land terugkeer. Ons vra niks anders nie, net julle gebede." | **4**<br>Vandag kom die SAAWE-span bymekaar vir gebed. Bid vir duidelike leiding van die Here terwyl ons op Hom wag. SAAWE se visie bly: **Suid-Afrika – 'n fontein wat die wêreld seën met die liefde en goeie nuus van Jesus Christus.** Bid dat ons getrou en effektief sal wees. | **5**<br>Bid vir die voorbereidings vir SAAWE se **50ste jaar viering**, wat op **Saterdagoggend 17 Oktober** by **Kerksondermure** in Centurion gehou sal word. Ons vertrou dat jy saam met ons hierdie mylpaal sal kan vier en dat dit 'n oggend sal wees waarin God vir sy trou verheerlik word. | **6**<br>**SAAWE se 50ste jaar:** Ons begeer om die Here te loof vir alles wat Hy die afgelope 50 jaar deur SAAWE gedoen het, en om ons opnuut aan Hom toe te wy vir alles wat Hy nog deur SAAWE wil doen. Ons vier ook die baie Suid-Afrikaners wat die Goeie Nuus na die nasies geneem het. | **7**<br>Na regeringsoptrede teen Christene in **Jemen** is baie gelowigs gearresteer. Bid vir krag vir dié wat ondervraging, gevangenisstraf of druk van hul families ervaar weens hul geloof. Bid dat die gevangenes God se teenwoordigheid sal beleef, en dat hulle sal getuig voor amptenare. | **8**<br>Bid vir die span wat vanoggend 'n gebedswandeling by OR Tambo Internasionale Lughawe doen. Bid dat hulle sensitief en gehoorsaam aan die Heilige Gees sal wees en sal bid waar Hy hulle lei. Bid ook vir geleenthede vir gesprekke met reisigers en/of personeel. |
| **9**<br>Dank die Here vir die geseënde tyd wat Giepie van Disciples Go Ministries in Zambië en Malawi gehad het waar hy dissipel-makers opgelei het. Bid dat almal wat die opleiding bygewoon het, sal voortgaan om dit in die praktyk toe te pas. | **10**<br>Irakse predikante wat met bekeerlinge werk, stel hulself aan groot gevaar bloot. Een predikant het gesê: "Bid asseblief vir my en my gesin dat God ons geloof sal versterk om te volhard." Bid dat die bekeerlinge sterk sal groei in hulle geloof in Jesus. | **11**<br>Bid vir die SAAWE-span se beplanningsvergadering vanoggend. Vra die Here om hulle wysheid te gee om besluite te neem wat Suid-Afrikaanse Christene sal help mobiliseer vir wêreldsending. | **12**<br>**Elias***, 'n Siriese gelowige, het 7 familielede verloor tydens verlede jaar se kerkbomaanval in Damaskus. Hy sê: "Ons vra julle om te bid dat ons elke vyand en elke gedagte wat ons daarvan weerhou om God te verheerlik, sal weerstaan." | **13**<br>Christen leiers in Sirië vra nie om as 'n godsdiens minderheid beskerm te word nie, maar om as gelykes behandel te word. "Bid dat ons veilig sal voel, en ons kinders sal sien grootword." **Hanan**, oorlewende van die kerkbomaanval in Damaskus. | **14**<br><u>BIDKAMP:</u> Kom bid saam met ons **25 – 27 September by Cyara** Lodge vir die volke van die wêreld. Vra die Here vir wysheid met die program, dat ons Sy hart vir die volke van die wêreld sal verstaan en daarvolgens sal bid, en vir goeie weer. | **15**<br>Bid saam met die ondergrondse kerk in **Iran**, waar mense steeds worstel met hartseer en verwarring nadat meer as **38000 mense** landwyd tydens vanjaar se dodelike onrus omgekom het. Bid dat nuwe bekeerlinge sterk sal groei in hulle geloof in Jesus. |
| **16**<br>Ziba*, 'n Irannese Christen, sê: "Ons wil waarheid en hoop na ons nasie bring. Bid asseblief dat God vir ons sal wys hoe om ons gemeenskap lief te hê met die hoop van Jesus." | **17**<br>Volgens Joshua Project is daar 52 Tibetaanse volks-groepe; die meeste woon in China. Hulle is heeltemal onbereik met die Evangelie en word deur Tibettaanse Boeddhisme gebind. Bid vir arbeiders om na al hierdie groepe te gaan. | **18**<br>Bid saam met **Maryam***, 'n Christen wat in die ondergrondse kerk in Iran dien. Sy vra: "Bid asseblief vir ons mense. Hulle is diep geraak deur al die geweld wat hulle aanskou het." Bid vir beskerming en genesing. | **19**<br>Volgens 'n sesjaarstudie deur die Observatory for Religious Freedom in Africa **(ORFA)** is Islamitiese Fulani-militante verreweg die grootste vervolgers van Christene in **Nigerië**. Bid vir beskerming vir Nigeriese Christene. | **20**<br>Die netwerk van Fulani-militante is verantwoordelik vir vier keer meer burgerlike sterftes as **Boko Haram** en **Islamitiese Staat Wes-Afrika Provinsie (ISWAP)** saam. Bid dat die geweld sal eindig en dat God sy Kerk bewaar. | **21**<br>Bid vir gelowiges in **Laos**, wat ernstige vervolging ervaar en uit hulle dorpe verdryf is. Bid vir die klein groepies gelowiges wat in die bergwoude in die geheim saamkom. Bid vir hulle veiligheid en dat hulle nie ontdek word nie. | **22**<br>Bid vir kinders regoor **Libanon**, asook in **Gaza**, **Sirië** en **Soedan**, wat hulle huise, geliefdes, skole en vriende moes agterlaat weens konflik. Bid dat hulle Jesus sal ontmoet. |
| **23**<br>My pa het geweier om sy geloof in Jesus te verloën. Hy is op sy knieë gedwing, terwyl 'n geweer teen sy kop gerig is. My jong boetie het gehardloop en sy vinger in die loop van die geweer gesteek. Die man het begin huil, en my pa het oorleef." Bid vir Christene onder sulke vervolging. | **24**<br>Bid vir mense in afgeleë dele van die Midde-Ooste wat na Christelike hulpmiddels soek. Bid dat evangeliewerkers en organisasies, insluitend SAT-7, maniere sal vind om hulle met die boodskap van Christus te bereik. Bid dat baie drome en visioene van Jesus sal ervaar. | **25**<br>**SAT-7** saai Christusgesentreer-de programme uit na **25 lande**, vanaf **Mauritanië** in Noordwes-Afrika tot **Tadjikistan** in Sentraal-Asië. Bid vir toenemende kykertal in elke land en vra God om die mees geïsoleerde gelowiges met hierdie bediening in kontak te bring. | **26**<br>"Ek verlang daarna om nader aan God te groei," sê **Saba**, 'n Siriese vrou in haar sestigs. "Bid asseblief saam met my dat God my gebed sal verhoor en my nader aan Hom sal bring." Laat ons saam met Saba bid vir groter intimiteit met God, so ook vir baie meer Siriërs. | **27**<br>Die wêreldbevolking is **8,2 biljoen**. **Asië** het die grootste bevolking, **5 biljoen**. Van hulle word **3 biljoen (61%)** as **onbereik** beskou. Bid dat die Here dissipelmakers na hierdie onbereikte volksgroepe sal stuur om die Goeie Nuus met hulle te deel. | **28**<br>**Afrika** het 'n bevolking van **1,6 biljoen** mense. **536 miljoen (34%)** is onbereik met die Evangelie. Bid dat plaaslike kerke mense in hulle eie lande sowel as in buurlande sal bereik. Bid vir doeltreffende dissipelmakers wat nuwe gemeentes sal plant. | **29**<br>Bid vir **Egipte**, waar **90% van die 118 miljoen inwoners** as onbereik beskou word. Islam is die meerderheid godsdiens. Bid vir die klein Evangeliese kerk, dat hulle sterk in die geloof en vrymoedig sal wees om die Evangelie te verkondig, te midde van teenstand.. |

* Skrifaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou